

Leef heilig, want in Christus is jy heilig. (Borsplaat van geregtigheid)

Ons het gister begin praat oor die geestelike wapenrusting wat die Here vir ons gegee het in die geestelike oorlog waarin ons gewikkel is. Ons het gekyk na die gordel van waarheid en gehoor dat jy die gordel van waarheid aantrek wanneer jy weet wat die waarheid van God se Woord is en dan tweedens as jy is vinnig om gehoorsaam te wees aan God se Woord.

Vanaand gaan ons kyk na die tweede deel van God se wapenrusting wat direk aansluit by gister se boodskap en dit is die **borsharnas van geregtigheid**. Die beeld wat Paulus hier gebruik is die van die borsplaat wat die Romeinse soldate aangetrek het vir oorlog. Dit was of van yster gemaak of dik harde leer. Dit is amper soos 'n hemp aangetrek om die soldaat te beskerm teen die pyle of die swaard van die vyand.

Dit moes die soldaat se hart en ingewande tydens die oorlog beskerm. Wanneer Paulus van die borsharnas praat, dan is die doel van die borsharnas om die hart, wat die setel van die denke was en die maag, wat die setel van die emosie was te beskerm. Satan val ons denke en ons emosies aan. Hoe ons dink en hoe ons voel.

Kinderslot. Swart sak en wit T-hemp. Papiertjies wat op die swart sak geplak word van al die sondes wat ons doen. Ons kan niks doen om ons sondes weg te neem uit ons lewens nie. Ons kan nie deur goeie dade te doen, of deur meer goeie as slegte dinge doen, ons eie verlossing bewerk nie. Dit werk nie so dat as my lysie goeie dinge wat ek gedoen het meer is as my lysie slegte dinge, dan gaan ek eendag hemel toe nie. Ons kan niks doen om onself te red nie en gelukkig hoef ons nie.

Ons kan ook nie ons eie sondes vergewe nie. Ons kan nie iets doen om onself te red nie. Maar daar is iemand wat ons sondes kan vergewe en ons skoon kan was. Wie dink julle is dit?

Die borsplaat van geregtigheid, dit wat ons sondes wegneem, is dit wete dat Jesus vir ons sondes aan die kruis gesterf het. En die oomblik wat ons glo dat Jesus ook vir my sondes gesterf het en ons Hom die Here van ons lewe maak, op daardie oomblik word ons Jesus se kinders en word al ons sondes vergewe. Dis asof Jesus die swart sak van al ons sondes uit te trek vir ons uittrek en vir ons 'n wit kleed aantrek.

Die borsplaat van geregtigheid beteken ek weet dit en ek glo dit. **Ek weet ek is regverdig nie oor iets wat ek gedoen het nie, maar omdat Jesus my sondes aan die kruis vagespyker het.**

Maar dit kan mos nou nie so werk dat die Here ons nuut maak, ons sondes vir ons uittrek en nou hou ek aan om te lewe soos ek gelewe het voordat Jesus my sonde uitgestrek het nie. Wanneer jy iemand sien wie se lewe lyk soos iemand wat 'n swart sak vol sonde aan het, gaan jy mos nie dink so iemand is gered nie.

Wie dink julle gaan mense dink is 'n kind van Jesus, iemand wie se lewe soos 'n swart sak lyk of iemand wie se lewe soos 'n wit kleed? Wie van die twee gaan die sekerste wees dat hy 'n kind van die Here is? Die swart sak of die wit kleed?

Wanneer Paulus hier vir ons sê dat ons die borsplaat van geregtigheid moet aantrek, dan bedoel hy twee dinge.

1. Ons moet die verlossing wat Jesus vir ons aan die kruis bewerk het aanvaar en dit glo. Ons moet glo dat Jesus ons swart sak vir ons uitgetrek het en vir ons wit gewas het met sy bloed. Dis wat Paulus in die eerste drie hoofstukke van Efesiërs probeer verduidelik.

Efesiërs 1:7 sê: **Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God.**

13: Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël.

2:8 Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.

So, dis die een deel van die waarheid en dit is 'n uiters belangrike deel. Ons kon en kan niks doen om ons verlossing te bewerk nie. Ons moet net glo dat Jesus al ons sondes aan die kruis weggeneem het. Ons is nuwe mense en nou moet ons soos nuwe mense begin lewe.

Daarom sê Paulus oor en oor:

2:1 Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes ...

2:11 Hou dan in gedagte wat julle vroeër was

2:13 Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus.

Johannes 1:12 Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

Kinders van die Here is nuwe mense, skoongewas en heilig verklaar danksy die bloed van Jesus wat vir ons sondes aan die kruis gesterf het. **Die borsharnas van geregtigheid se een deel is om hierdie waarheid van ons nuwe identiteit in Christus te glo.** Om elke dag weer vir hierdie waarheid te kies. Ek is 'n nuwe mens, nie op grond van iets wat ek gedoen het of nie gedoen het nie, maar op grond van Jesus se bloed wat vir my sondes aan die kruis gevloei het.

Dit is iets wat ons van God ontvang het. Dis nie iets waarvoor ons gekies het nie. Nee, voor die grondlegging van die aarde het God ons uitverkies om heilig en onberispelik voor God te wees. God het vir my die swart sak van my sonde uitgetrek en my met sy wit kleed bekleed. Dis die **indikatief** waarvan ek gisteroggend gepraat het. Dit is wat ek verniet van Jesus ontvang het.

2. Die tweede deel is die **imperatief**, dit wat die Here van ons vra en dit is net so belangrik as die eerste deel, Ef 1:4: **ons is deur God uitgekies en heilig verklaar ... hoekom? ... sodat ons heilig en onberispelik voor God kan lewe.** Jy trek die borsplaat aan wanneer jy eerstens glo

dat Jesus self jou regverdig verklaar het en tweedens wanneer jy dan al hoe meer begin lewe soos iemand wat deur die bloed van Jesus skoongewas is.

Die Griekse woord wat hier gebruik word, is die woord: dikaiosyne. Dit beteken dat jy moet lewe volgens God se wil en bepalinge. Om onder alle omstandighede die regte ding te doen. Daarom sy oproep in Hfst 4

4:1b: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.

4:22-24 Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. 23Julle gees en gedagtes moet nuut word; 24lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.

4:29 Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie ..

5:1 Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg.

Ek so kan ek aanhou voorbeelde noem van dinge waartoe wat Paulus ons oproep om van te verander. Later beveel Hy aan dat ons met die HG vervul moet word en dan praat hy oor hoe die huwelike van gelowiges lyk, watter tipe ouers hulle moet wees en selfs hoe gelowiges hulle werk moet doen.

Iemand vir wie Jesus die swart sak uitgetrek het, iemand wat deur die Here heilig verklaar is, kan nie meer gemaklik wees met sonde in jou lewe nie. In Romeine 6:12-14 **Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie. 13Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil. 14Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.**

Hoor jy dit? As jou swart sak deur Jesus uitgetrek is, kan jou lewe nie aanhou soos iemand wat 'n swart sak aanhet nie.

Vriende, God verklaar ons heilig op grond van die bloed van Christus, maar dan roep Hy ons ook op om heilig te lewe. Iemand wat die borsplaat van geregtigheid aantrek, **weet hy is heilig en probeer sy bes om te lewe soos iemand wat heilig is.** So iemand leef volgens die waarheid soos opgeteken in God se Woord. Nie omdat hy bang is hy gaan nie gered word nie, maar omdat hy verstaan hy is reeds deur die bloed van Jesus skoongewas en daarom reeds heilig verklaar is.

Jy kan nie werklik 'n kind van die Here wees en nie jou lewe begin nie stelselmatig verander om al hoe meer soos Jesus te word nie.

Hoor wat was Paulus se ingesteldheid. Fil 3

Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, 8ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref

alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry.....

12. Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het. 13Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. 14Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.

15Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê.

Vriende, ons moet onthou ons is gewikkel in 'n geestelike oorlog. In ons oorlog is daar 'n vyand wat alles in sy vermoë gaan doen om ons te verwond of om ons kragteloos te maak. Hy wil nie hê dat ons ons eie posisie in Christus verstaan nie en hy wil nie hê dat ons heilige lewens moet leef nie. So hy gaan alles in sy vermoë doen om te keer dat jy seker is van jou verlossing, of dat jy 'n heilige lewe lei.

Ons moet soos Paulus alles inspan om die wenstreep te behaal. Ons moet enduit ons eie verlossing verstaan, weet dat ons reeds heilig verklaar is. **En** ons moet weet dat omdat ons reeds heilig is, moet ons al hoe meer leef soos heiliges.

Vriende, hier is iets wat jy baie mooi moet verstaan. Daar is net seën wanneer jy binne die speelveld van die Here leef. Verduidelik weer speelveld.

As jy nie binne God se speelveld wil leef nie, gaan jy op die seëninge van die Here uitmis. En dis wat die duiwel wil he. Dat jy nie God se vrede en sy vreugde beleef nie. Vriende, as jy nie vrede het nie en nie vreugde nie, dan kan jy maar in jou lewe gaan rondkrap. Die kans is goed dat daar êrens sonde is waarmee jy nie wil afreken nie.

As jy moeilikheid in jou lewe het, is die eerste plek waar jou moet gaan kyk jou eie heiligheid. Daarmee bedoel ek: leef jy soos 'n heilige. Koning Dawid het dit verstaan. Na hy met Batseba owerspel gepleeg het, bely hy sy sonde voor die Here en is deel van sy gebed die volgende: vers **10 Laat my weer blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel.** Toe hy gesondig het, het hy sy vreugde en vrede verloor.

As jy jou vrede verloor het, begin om by jouself en nie by ander mense die probleem te gaan soek nie. As Satan jou emosies of denke aanval, gaan ondersoek jou lewe.

- Is daar sonde wat jy vertroetel?
- Maak jy tyd vir die Here?
- Hoe lyk jou gebedslewe?
- Het jy jou vrou, of kinders, of jou ouers so lief soos jy hulle behoort te hê?
- Is jy 'n goeie rentmeester van dit wat die Here aan jou toevertrou het?
- Hoe lyk die dankoffer wat jy vir die Here gee en gee jy soos die Here ons leer?
- Is daar sondes wat jy nie wil bely nie?

Vriende, glo my maar, as jy nie na heiligheid strewe nie, laat jy toe dat Satan op allerhande maniere by jou steel. Dan glo jy Satan wat God by jou verdag maak. Jy mis uit op die lewe in oorvloed wat die Here vir jou in gedagte het. Dan glo jy nie Jesus se woorde in Johannes 10:10 nie.

En wat doen ons as ons gesondig het? 1 Joh 1:9.

Ons moet ook weet dat Satan presies weet wat in ons lewens aangaan. Jy kan maar weet wanneer dinge finansiële druk, of jy baie besig by die skool is, of jy vir 'n tyd min geslaap het, of wanneer jy siek of hartseer is, dit is die tye wat hy ons nie uitlos nie. Dan gaan hy probeer om ons te laat twyfel in die grootheid, almag en sorg van God, onse Vader. Ag hoe lief is hy nie om ons te kry dat ons onself jammer kry nie. Ons as mense kan die meesters wees van selfbejammering.

Kom ek gee jou vanaand goeie raad: Selfbejammering kom nooit van God of van die Heilige Gees nie. Selfbejammering word vanuit die hel aan die brand gesteek. Die oomblik wanneer jy so voel, bely dit as sonde en kies om jou in die Here te verbly. Begin dadelik dink waarvoor jy die Here alles dankie kan sê en God se Naam groot kan maak.

'n Belangrike onderskeid wat ons moet kan maak is om te weet wanneer is die Heilige Gees besig om ons van sonde te oortuig en wanneer is die dit duiwel wat ons aankla.

HG	Satan
God oortuig ons in liefde	Satan kla ons aan in haat
HG gebruik God se Woord om ons te oortuig	Satan gebruik emosies en gedagtes uit die verlede om ons aan te kla
God se oortuiging trek ons nader aan Hom	Kla ons aan en trek ons weg van God af
God se oortuiging lei tot skuldbelydenis en dieper toewyding aan God	Sy aanklagte lei tot depressie en moedeloosheid, jy wil opgee.
As God ons oortuig, leef ons met groter hoop die toekoms in	Sy aanklagte maak dat ons vasgevang in die verlede leef en wil opgee

So hoe trek ons die borsplaat van geregtigheid aan. Jy glo dat jy reeds deur Christus vrygespreek is en jy maak seker jy leef volgens God se wil. Jy maak seker jou lewe bevestig die feit dat jy 'n kind van die Here is.

Met ander woord, weet dat jy op grond van die bloed van Jesus Christus heilig verklaar is en leef dat soos iemand wat reeds heilig is. Dis 'n lewenslange proses waarin ons al hoe meer verander moet word om soos Jesus te lyk.

Iemand leef wat die borsplaat van geregtigheid aantrek, weet hy is heilige en maak seker hy leef soos iemand wat heilig is.